

## 16 Februarie - BROER

**Skrifgedeelte: Filemon 1:4-16 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Filemon 1:15, 16**

**O**nesimus was 'n slaaf wat van sy eienaar, Filemon, 'n vooraanstaande Christen in Kolosse (Filemon 1:2) weggeloop het. Hy het 'n sprekende naam, wat meermale aan 'n slaaf gegee is, gehad. Die naam beteken letterlik "nuttig", "voordelig". Vir 'n slaaf om te dros, was 'n baie ernstige oortreding. Sy eienaar kon hom daarvoor straffeloos doodmaak.

In sy swerftog het Onesimus met Paulus, wat toe 'n gevangene in Rome was, in aanraking gekom. Deur die bediening van Paulus het hy tot bekering gekom. Paulus het Onesimus oorreed om terug te gaan na sy eienaar. In hierdie kort briefie wat Paulus saam met Onesimus stuur, bid hy dat Filemon 'n dieper insig sal hê in die goeie dinge wat ons tot eer van Christus kan doen (vs 6). Hy versoek Filemon op 'n baie taktvolle wyse om Onesimus terug te ontvang – hierdie keer nie net as slaaf nie, maar ook as 'n geliefde broer in Jesus Christus. As broer in Christus sal Onesimus vir Filemon, ook 'n broer in die Here, baie meer bruikbaar wees as voorheen.

Om deel te wees van die huisgesin van God het verreikende gevolge:

- Is jy bereid om met 'n broer of suster wat sleg teenoor jou opgetree het, te versoen (Matt 5:23, 24)?
- Ons wêreld is vol skeidsure wat afstand, onbetrokkenheid en selfs vyandskap skep. Is jy bereid om alle gelowiges, ten spyte van ras, sosiale status, geslag of dinge wat in die verlede plaasgevind het, met broederlike liefde te aanvaar (1 Joh 4:7-21)?

Broerskap (susterskap) in die Naam van Christus bring 'n heerlike, bevrydende en helende warmte in verhoudings – iets wat 'n wêreldling mis (1 Joh 3:11-17).

*Sing: Psalm 133:1, 2 (1936/2001)*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*